
Towerlantern Fotografie

# fotografienuus

oktober 2023



Pawiljoen

*Lensopening: f32; Sluiterspoed:1 sekonde; Fokale lengte: 90 mm*

In September se Fotografienuus is gesels oor wyehoeklens-fotografie en hoe dit gedoen word. Ons het ook verduidelik dat dit gedoen word deur middel van die kamera se zoemlens.

Daar is nog 'n foto-effek wat geskep kan word met die zoemlens, naamlik 'n proses wat bekend staan as zoemsarsies. Die voorbladfoto is met behulp van hierdie proses geskep. Ons gesels en verduidelik hierdie tegniek verder aan.

Ons sit ons reeks oor kunsmatige intelligensie (AI) ook voort. Trouens, dit is so 'n groot veld dat ons 'n paar maande gaan benodig om net bolangs aan hierdie saak te raak. As jy as fotograaf vra waarom ons tyd moet spandeer aan 'n nie-fotografiese saak soos AI, weet dan dat dit fotograwe wel terdeë ook raak. Skrik dus wakker en haas jou na die *Pocket-lint*-artikel verderaan waar jy jou teen Dall-e 2 gaan vasloop.

Geniet hierdie uitgawe. Gee jou mening oor ons artikels – ons is oop vir verandering en vars idees.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk
**Bladuitleg:** Fransa van Colourcode Designs

*Wil jy graag 'n bydrae lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.*

# voorbladfoto



Soos genœm, is die voorbladfoto geskep deur middel van die proses wat bekend staan as zœmsarsies. Daar is in der waarheid twee variasies op hierdie tema, naamlik 'n kontinue en 'n diskrete proses. Albei die tegnieke word verderaan in meer detail bespreek.

As jy enigsins 'n gevœl het vir kunssinnigheid in jou foto's, of daarna streef, kry dan beslis hierdie tegniek onder die knie. Die foto hierby wys hœ die toneel werklik gelyk het, en die voorbladfoto wys hœ dit gelyk het met die tœpassing van die diskrete zœmsarsie-proses en na kleur-versadiging.

Wat die kamera-instellings betref, kan die volgende drie sake genœm word: (a) die fokale lengte van 90 mm om die struktuur in die foto in te pas (ook met die zœmring-rotasie in gedagte), (b) die lensopening van f32 vir skerpte dwarsoor die toneel en (c) die sluiterspœd van 1 sekonde vir die korrekte beligting.

# *Wat is* ZOEMSARSIES?

In aansluiting by ons tema van verlede maand, naamlik fokale lengte, kan zoemsarsies soos volg beskryf word: Zoemsarsies word verkry deur die fokale lengte gedurende die oop sluitertyd te verander deur middel van die zoemring.

Dit beteken dus die volgende:


- die kamera moet 'n zoem-lensstelsel hê (byvoorbeeld 70-300 mm), en
- die sluiterspoed moet stadig wees (byvoorbeeld 1 sekonde).

Om hierdie aksie uit te voer, kan daar twee tegnieke gevolg word, naamlik:

- roteer die zoemring gelykmatig regsom of linksom gedurende die oop sluitertyd, of
- roteer die zoemring stap-vir-stap en maak gebruik van die kamera se veelvuldige beligting-stelling (Engels: *multiple exposure setting*).

Die eerste tegniek kan met enige kamera met 'n zoemlens gedoen word. Die tweede tegniek – wat die tegniek is wat gevolg is vir die voorbladfoto – kan slegs gedoen word as die kamera die genoemde veelvuldige beligting-stelling het. Die spyskaart-keuse vir hierdie stelling op die Canon-kamera word hierby gegee.

Watter tegniek jy ook al wil bemeester, die aanbod bly: Kontak ons gerus as jy enige hulp nodig het.



# *Zœmsarsie-fotografie* tema & wenke

As jy belangstel om jou te waag op die gebied van zœmsarsies, lees eers die volgende opmerkings:

- Die drie foto's hierby wys die verskil tussen (a) 'n nie-zœmsarsiefoto, (b) 'n kontinue zœmsarsiefoto en (c) 'n diskrete zœmsarsiefoto. As dit nodig is, vergroot die foto's op jou rekenaarskerm om die onderskeid mooi te sien.
- Wees bewus daarvan dat die luim (Engels: *mood*) van die drie foto's van mekaar verskil. Wees ook bewus daarvan dat nie een van die foto's "reg" is en die ander "verkeerd" nie. Smaak verskil en wat mooi is vir jou is, is dalk nie 'n ander kyker se eerste keuse nie, of omgekeerd.







Die volgende wenke kan help by die neem van kontinue zœmsarsiefoto's:

- Kies 'n toneel wat **kleurryk** is, soos in die foto's, of met heelwat lyne, soos die voorbladfoto.
- 'n **Driepoot** is van die grootste belang – die rede is dat 'n onreëlmatigheid in die foto, weens handbeweging, die toneel heeltemal versteur.
- Neem foto's wanneer die **lig gedemp** is en nie skerp is nie – die rede is dat die sluiterspœd stadig mœt wees vir die zœmsarsie-effek, byvoorbeeld langer as 1 sekonde.
- Mœnie volstaan met twee of drie foto's nie. Neem 'n **verskeidenheid** sodat jy agterna, op 'n rekenaarskerm, jou beste foto's kan uitsœk.
- Die zœmsarsie-aksie behels die volgende:
  - ✓ Stel vooraf die *self-timer* op **2 sekonde** via *Drive*.
  - ✓ Roteer die zœmring van net voor die oop sluitertyd tot daarna **reëlmatig stadig** kloksgewys of antikloksgewys.

# RIGLYNE VIR ZOEMSARSIE-FOTOGRAFIE

**VOORAF** Ons aanvaar jy het 'n blomryke toneel, met 'n kleurvolle blom reg in die middel. Soos genœm is 'n driepoot absoluut noodsaaklik (behalwe as jy 'n onreëlmatige effek wil hê).

### TIPE LENS
Gebruik enige tipe zœm-lens – van wyd tot smal.

### FORMAAT
Enige formaat is in orde; selfs vierkantig. Die formaat kan ook agterna met snyding verander word.

### ISO
Gebruik die laagste ISO-waarde, byvoorbeeld 100.

### WITBALANS
Pas aan by die ligomstandigheid.

### FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING
Kies die blom in die middel as fokuspunt.

### SLUITERSPOED
Die sluiterspœd mœt stadig wees, bv. 1 sekonde – dit kan ook gevarieer word.

### LENSOPENING
Gebruik die liniaal vir 'n "korrekte" instelling van die lensopening.

### FYN FOKUSSERING
Kontroleer die fotoskerpte van die blom in die middel van die toneel.

*Towerlantern Fotografie*
- oktober 2023 -

# Wie / wat is Dall-e 2?



*Furry Friends*

Ons het jou gewaarsku: As jy wonder hoekom ons jou moet bekendstel aan die “karakter” Dall-e 2, lees dan verder; anders, slaan hierdie bespreking oor en gaan verder na ons rubriek oor kunsmatige intelligensie.

Ons begin met die “dierbare” *Furry Friends* regs, ingestuur deur wie-weet-wie.

As jy na nog verdere foto’s van dié fotograaf wil kyk, gaan beslis na die onderstaande skakel. Maar besef, jou denke oor fotografie gaan nooit weer dieselfde wees nie.


Besef verder, en ons sou die volgende in rooi hoofletters kon skryf: Moet NOOIT weer foto’s glo wat honderde kere op Whatsapp of Facebook of iets soortgelyk, gedeel word nie.

Om af te sluit: Wie / wat is Dall-e 2? Dit is ’n voorbeeld van ’n beeldproduseerder uit die gebied van kunsmatige intelligensie wat foto’s lewer soos wat jy voorskryf: Om die foto hierby te kry, hoef jy net te sê: “a cat and dog as furry friends” en jy kry soortgelyke foto’s. Daar het jy dit – alle fotograwe neem kennis.

En om dubbel af te sluit: As iemand vir jou foto’s stuur, vra eers “wie / wat het die foto geproduseer / geskep?”.

https://www.pocket-lint.com/apps/news/161649-incredible-dall-e-2-images/

# *Wat is* KUNSMATIGE INTELLIGENSIE?



Ons het verlede maand begin met 'n reeks oor kunsmatige intelligensie (AI). Ons het afgespreek dat die bespreking eerder wyer gaan wees as wat dit in diepte gaan wees. Die bedoeling is dat elke leser van Fotografienuus dit moet verstaan.

- ✓ Die begrip "intelligensie" kan wyd verstaan word. Dit kan onder andere beteken die vermoë om "slim" te wees en ook die vermoë om te kan "redeneer" (of om besluite te kan neem).
- ✓ Ons het voorheen genoem dat die sakrekenaar in 'n selfoon "slim" is en "weet" dat $\sqrt{5} = 2,23607$ ... deur die ry waardes, 5; 3; 2,333; 2,238; ... te bereken. Die program in die sakrekenaar moet egter ook "redeneer" en "weet" wanneer om te stop. Daar is 'n ingeboude wiskunde-logika-tegniek waarmee dit gedoen word.
- ✓ 'n Ander "slimheid" van jou selfoon is om jou te help met jou "tikwerk" op sy sleutelbord. 'n Program soos *Swiftkey* help byvoorbeeld voortdurend met spelkorrigering en woord-voorstelle. 'n Voorbeeld: Ek tik *selfon* en *Swiftkey* is slim genoeg om dit na *selfone* te verander (eintlik ook maar dom – ek wou selfoon tik!).
- ✓ Hoe werk hierdie intelligensie? Vroeër sou jy na 'n woordeboek gegryp het om te kyk of jy *onmiddelik* of *onmiddellik* moet skryf. Soortgelyk het jou selfoon – of rekenaar – 'n ingeboude woordeboek. Elke woord wat jy dus intik word gekontroleer met behulp van 'n ingeboude woordeboek.
- ✓ Die besondersheid van hierdie woordeboek is dat dit kan leer (mits jy vir die program sê "voeg hierdie woord by"). Geen woordeboek gaan byvoorbeeld die woord maketaankonfyttentoonstelling in hê nie, maar as jy dit gereeld gebruik, kan jy die woord tot die woordeboek toevoeg.
- ✓ Om af te sluit: Besef dat die intelligensievlak van 'n spelkorrigeerder (selfoon of rekenaar) net so slim is as die onderliggende program en spesifiek die bepaalde soektegniek. 'n Laaste voorbeeld sal hierdie verduidelik: Jy wil *kamera* tik, maar tik per ongeluk *jamera* – daar is geen manier wat die programmatuur dit kan regstel nie, omdat dit – soos jy – van links na regs lees. As dit wel ook van regs na links kon lees, sou dit ook *aremaj* gelees het en dit verander na *aremak* en met omkering *kamera* gee.

Volgende keer gaan ons 'n stap verder op hierdie AI-pad.



# Popi-wet: Dít is wat jy moet weet

Miskien weet almal reeds wat die Popi-wet is en wat dit alles behels. Omdat dit egter 'n saak is wat fotograwe ook ten nouste raak, wil ons van Towerlantern se kant af 'n paar sake hieroor uitlig.

Voordat ons verder gaan is dit miskien eers nodig dat jy, as leser, na die volgende skakel toe te gaan om, in Afrikaans, 'n verduideliking daarvan te kry soos wat Maroela Media dit op 1 Julie 2021 aan sy lesers verduidelik het: https://shorturl.at/hnrJ3

Om heel prakties te wees noem ons die volgende algemene riglyne wat op elke fotograaf van toepassing is:

- Jy mag nie in die openbaar foto's van mense neem en dit dan sonder hul toestemming gebruik nie.
- Jy mag nie foto's van kinders neem sonder die toestemming van hul ouers nie.
- Jy mag nie op elektroniese platforms jou foto's van mense aflaai sonder hul toestemming nie.
- Jy mag nie as klasopdrag foto's van mense instuur nie, tensy jy toestemming van hulle het.

Ons stel in hierdie verband Towerlantern se uitgangspunt duidelik: Ons sal nooit sonder toestemming mensfoto's plaas in ons publikasies nie, ook nie in klasmateriaal nie, en ook nie by ons jaarlikse foto-uitstallings nie.

Om saam te vat: Ons, by Towerlantern, is "suinig" met die publisering van mensfoto's van watter aard en in watter omstandighede ook al.

# 'N DELIKATE SITUASIE

Jy, as fotograaf, word gevra om informele foto's by 'n geselligheid te neem. Gaste staan rond of sit aan tafel en jy mœt foto's neem sonder dat die gaste agterkom hulle word afgeneem, want dan is dit onnatuurlik. Hœ gemaak? Hierdie is 'n delikate situasie en ons probeer help met 'n wenk.

Die eerste stap sou wees om by die persoon wat jou die opdrag gee duidelikheid te kry dat die gaste instemming gee tot die neem van foto's.

Om natuurlike foto's te neem, dœn dan die volgende:

Gebruik 'n driepoot met jou kamera daarop gemonteer (die gaste sal jou gou nie meer raaksien nie). Rig jou kamera op iemand of 'n grœpie mense – net nooit etendes nie! Draai die kamera se LCD-skerm om 'n hœk van 90 grade met die kamera self te maak en draai jou lyf só dat die fototoneel aan jou sykant is (jy kyk dus loodreg op die LCD-skerm, en nie deur die kamera-vinder nie).



*Kamera op driepoot, van bo gesien*

Nou kan jy rustig foto's neem. As gaste wat op jou skerm is, jou sien, sal hulle jou beswaarlik verdink. Die foto hierby wys die opstelling met die LCD-skerm loodreg op die kamera en ongeveer ewewydig aan die lensstelsel.


GAAN OP REIS
saam met Towerlantern
Towerlantern Fotografie
- oktober 2023 -
Palau de la Musica, Catalana, Spanje
Reis hier verder: https://rb.gy/s26gs

# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*


Vir ons reis is daar 'n wiskundige term waarvan jy vooraf moet weet, naamlik "tessellasie", of meer verstaanbaar gesê, teëling. Die rede hoekom jy hierdie term moet ken is sodat jy weet om die Engelse term, *tessellation* as soekterm op internet te gebruik. Kyk byvoorbeeld na Wikipedia se beskrywing van tessellasies by die webblad https://en.wikipedia.org/wiki/Tessellation

Vir ons bespreking sal ons die woord tessellasie gebruik – verstaan wel teëling. Stap na jou badkamer toe en let op na die mure. Dit is waarskynlik geteël. Miskien is dit eenvoudige vierkantige teëls of dalk reghoekige teëls. Moontlik is dit van vloer tot dak geteël en is die patroon herhalend. Moontlik is die teëls verskillende kleure wat nog 'n patroon van herhaling vertoon.


Voordat ons op reis gaan en koers kry na geboue met besondere tessellasies, is dit nodig om te noem dat daar breedweg gesien, drie tipes tessellasies is (sien regs).

Bron: http://www.mathpuzzle.com/Tessel.htm


Pak jou tas – en veral jou kamera – en reis saam met ons om by verskillende plekke oor die wêreld heen argitektuurfoto's te gaan neem van geboue waar tessellasies 'n groot rol speel. Slegs foto's en bronne word gegee. As jy verder belangstel, gaan na die gegewe skakel of gebruik die soekterm *tessellated architecture*.



Reëlmatige tessellasies



Half-reëlmatige tessellasies



Onreëlmatige tessellasies


# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*



Nasir al-Mulk Moskee, Shiraz, Iran
Reis hier verder: https://t.ly/B4a3d

Towerlantern Fotografie
- oktober 2023 -



# GAAN OP REIS
*saam met Towerlantern*

<< Thorvaldsens museum, Kopenhagen, Denemarke
Reis hier verder: https://t.ly/CNhw7

Alhambra, Granada, Spanje
Reis hier verder: https://t.ly/tdaGO



# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*

Bergeron Centre for Engineering Excellence, Toronto, Kanada
Reis hier verder: https://rb.gy/ub0gx



*Towerlantern Fotografie*
- oktober 2023 -

# Dink wyd oor fotografie

Towerlantern se jaarlikse foto-uitstalling (plaaslik en aanlyn) het gœd afgeskop, waaroor ons baie dankbaar is. In die besonder ook ons dank aan al die uitstallers, en die personeel van Snowflake. Die fisiese uitstalling is steeds nog in Potchefstroom aan die gang.

Die uitstalling duur nog tot 5 Oktober. As jy mœg is vir Aardklop, of andersins, gaan maak gerus by die uitstalling 'n draai. As daar 'n vriend of kennis is wie se foto's daar uitgestal word, ondersteun dié persoon en gaan kyk na sy/haar uitstalling.

Neem ook kennis dat die volledige uitstalling te sien is by die onderstaande skakel. Kyk daarna – dit is nog 'n manier om jou meelewing te bewys.

2023-uitstalling: https://rb.gy/e5tvf

## Collage van uitstallers

Op die volgende bladsy vertoon ons foto's van enkele uitstallers by hul werke, vir die belewing van die fotograwe, hul foto's en ook die uitstalruimte.






Towerlantern Fotografie


- oktober 2023 -

# OP INTERNET GESIEN




Die Wêreldatletiekkampiœnskappe het in Augustus 2023 plaasgevind. Die foto hierby is 'n saamgestelde foto, wat in intervalle van ongeveer 1 sekonde geneem is. (Facebook - World Athletics)

Het jy al probeer om humoristiese foto's te neem? Dis glad nie so maklik nie, hoor! Ons het hierdie foto van die akteur, Eric Idle, raakgeloop op Facebook. (The very best of British and Irish TV and Film.)






# FOTO-*idees*

Idee 1: Mik laatmiddag direk na die son en lê klem op skadu's.
Let op dat die mense in hierdie foto onherkenbaar is.



# FOTO-*idees*

Idee 2: Kombineer kleur en abstraksie om 'n totaal onherkenbare toneel te skep.



# FOTO-*idees*

Idee 3: Neem foto's in jou omgewing en beeld iets eie aan die omgewing uit – soos Potchefstroom se Mooirivier.



# FOTO-*idees*

Idee 4: Gebruik kamerabeweging en neem straatfoto's van onherkenbare mense en ander onderwerpe.



FOTO-
*idees*

Idee 5: Soek in die buitelug na tekstuur-onderwerpe soos hierdie klip.

Ons begin hierdie maand met 'n nuwe inisiatief naamlik om ons lesers geleentheid te gee om van hul beste foto's te publiseer en om iets van hul belewenis daaromtrent te deel. Ons nooi jou graag uit!

Hier is die riglyne:

- Stuur 10 van jou beste foto's in met grootte ongeveer 500kb. Daaruit sal 'n keuse van tot 6 foto's vir publikasie gemaak word.
- Kies die foto's só dat dit ongeveer dieselfde tema het. Die tema kan wyd wees – daar is geen beperking op die fotomateriaal nie.
- Verkry skriftelik tœstemming vir die plasing van foto's van mense in Fotografienuus.
- Stuur 'n beskrywing van 200-250 woorde oor enige aspek rakende die foto's of jou persoonlike belewing daarvan.

# Mini-galery

## WANNEER DIT LENTE WORD OP DIE PLAAS

Galery van Lydia le Roux, Eendekuil, Wes-Kaap

Teen einde Julie begin ek, soos elke jaar, uitkyk vir die vrœë blommetjies. Hierdie jaar se winterkoue was egter ongenadig, en net die gansogies en suringblommetjies, wat nie 'n saak het met winterkoue nie, het die grasperk begin oorneem. Hulle mœs instaan vir foto's wat nie meer kon wag om geneem te word nie.

En al het ek jaar na jaar dieselfde gesiggies, elkeen op sy eie tyd, sien ontpop, bly dit só 'n lekkerte om hulle – meesal grondlangs – elkeen wéér en wéér af te neem.

Tuinblomme is een saak – veldblomme, baie daarvan sommer as onkruid geklas, is 'n onverdiende geskenk. Dit is juis die ou kleintjies wat so kosbaar is – kleiner as 'n "O", tog volmaak, en unieke blomme met meeldrade, blaartjies en al.



Bobbejaantjie

Babiana, *een van my vrœgste gunstelinge*

Wanneer dit lente word op die plaas – Lydia le Roux



Oranje Crassula

Crassulan dichotoma, *"Hier's ek, jy kan my nie miskyk nie!"*

Wanneer dit lente word op die plaas – Lydia le Roux



Onkruid-rangskikking

*Onkruid-rangskikking, baie mœilik om hul grênd name op te spoor*

Wanneer dit lente word op die plaas – Lydia le Roux



Turknæls

Erodium cicutarium, *definitief onkruid*



Geraniaceæ pelargonium myrrhifolium

Geraniaceæ pelargonium myrrhifolium, *vreeslike naam vir 'n baie klein blommetjie!*

Wanneer dit lente word op die plaas – Lydia le Roux



Bokhorinkie

*Bokhorinkie – nog 'n gunsteling. Taamlik plat op die grond, die foto skep 'n vals illusie van hoogte, ook van die eerstes wat kom gesig wys wanneer die winter draai.*
*Sien jy die 2 geboë horinkies onder uitsteek?*

Wanneer dit lente word op die plaas – Lydia le Roux